HSH – WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

VALUE FOR TERM 2 – PAY IT FORWARD!

Newsletter 5/2020
18 March 2020

Geagte Ouers

Ek is ‘n lysie-mens en ek moet ook erken dat ek groot genot put uit die feit dat ek boksies kan aftiek soos take voltooi is. Kom ons bly eers by die lysies. Ek moes al ‘n paar keer lysies maak wanneer ek gekonfronteer word met belangrike keuses. Lysies het ‘n baie belangrike rol gespeel in die feit dat, naas my vrou en kinders, HSH vir 30 jaar die groot liefde in my lewe gebly het. Met die vrese rondom die Corona-virus aan die einde van die kwartaal en al die drama wat daarmee gepaard gaan, veral die negatiewe, moes ek net vir myself ‘n lysie gaan maak van hoekom die eerste kwartaal eintlik ‘n ongelooflike kwartaal was:

1. HSH-kleure atletiek: Waar in die lewe beleef jy nog sulke vlakke van deelname en entoesiasme?
2. Ons seuns se ongelooflike “guts” tydens die Donkergat-naweek.
3. HSH se skitterende Matriekuitslae! En die Sistemiese uitslae!
4. Die suiwer vreugde van die Kaskenades en HSH-familie se entoesiasme t.o.v. hierdie fondsinsameling.
5. Die omgee van ons HSH-personeel vir mekaar.
6. Die sukses van die Ope Dag.
7. HSH se draairoomysmasjien.
8. Ons het ses Bolandkampioene in atletiek!
9. Die pannekoekstalletjie by CWL Baard – skougehalte!
10. HSH leerders wat jou in die oë kyk en groet. Ek gaan dit mis! Hierdie Corona-virus moet gou verby gaan!
11. HSH se A-team – ons terreinwerkers! Is dit nodig om enige iets oor hierdie span te sê?

Soos die Engelsman sê: “The list goes on …” Ek het myself oortuig. Dit was ‘n kookwater kwartaal!

2. Corona / Covid 19

Aangeheg aan hierdie nuusbrief is ‘n brief wat op Maandag, 16 Maart aan HSH ouers gekommunikeer is d.m.v. ons sosiale media platforms. As ouers enige vrae het tydens die vakansie, sit dit op ‘n e-pos en stuur dit na hsh@sandveld.net. At the time of writing this newsletter, we were still waiting for the new term dates, therefore no term planning is attached to this newsletter.

3. Staff

We take leave of three HSH staff members at the end of this term:
Mrs Riana Labuschagne is taking up a teaching post at Velddrif High School.
Mrs Betsie Jordaan is retiring from teaching.
Miss Meagan Jackman’s contract expires. We wish them all the best for their futures and new challenges. It is also a fact that they will be missed!

We also welcome the following staff members to the HSH family:

Mrs Lianie du Toit, a qualified occupational therapist and experienced remedial specialist in the place of Mrs Marina Serfontein.

Mr Jeremy Constable, former subject advisor and Afrikaans teacher with 37 years experience in teaching Afrikaans in the Gr. 10 – 12 phase in the place of Mrs Riana Labuschagne.

Mrs Manta Huisamen, former curriculum head of Longacres Private School in the place of Mrs Betsie Jordaan.

Mrs Edelweiss Calitz, experienced teacher and netball coach at national level in the place of Miss Meagan Jackman.

Our best wishes also accompany them!

4. **Top Academic achievers**

We are very proud of the following top academic achievers:

Graad 4	**Graad 5**
1. Ruzaan April Alexander Samuels 2. Liam Skuce 3. Savanha Kirsten 4. Ariana Veotte 5. Ben Erwee	1. Cornelia Smit 2. Dané Meintjes 3. Keadré Botes 4. Hendré Laubscher Riané van Wyk 5. Emma Dettmer
Graad 6	**Graad 7**
1. Jumaine Basson 2. Mienke Teubes 3. Maritza Harmse 4. Carla Conradie 5. Maria Geyser	1. Nikolé Botha 2. Emma Melck 3. Armand Potgieter 4. Janco Britz 5. Mieke Reynolds
Graad 8	**Graad 9**
1. Daniella van Niekerk 2. Chrizandi Basson 3. Thalisha van Schalkwyk 4. Marnia Opperman Thinus Moolman JJ Teubes 5. Christelle Bester Charl Visser 6. Marli Redelinghuys Anyke Nell 7. Axl Smit Emily Turner Andries Goosen Hermien Grobler 8. Anemicke le Roux Nicolai Hanekom Anastasiya Hanekom 9. Moyra Connoway Waldo Boshoff 10. Joshua Viljoen	1. Jano Reynolds 2. Jaya Abraham 3. Arminelle Briel Julia Swanepoel 4. Chloe van Niekerk 5. Madelein Hoffman 6. Nicola Dippenaar 7. Barend Olivier 8. Denelle Kotze 9. Sumari Smit 10. Schalk Meintjes

Graad 10	**Graad 11**
1. Kiara Kirsten 2. Caithlin Gijsbers 3. Evert Smit Chyle Mlondolozi 4. Sarah-Jane Venter 5. Evangeline Mornet 6. Ingrid Schulze 7. Abdullah Carolus 8. Hanlie Matthysen 9. Roelof van der Merwe 10.Isidor Erasmus	1. Leoné Brand 2. Alexander Grobler 3. Basson Burger 4. Ian van der Linde 5. Tiaan Visser 6. Nico Smit 7. Charlé Moolman 8. Jian Slabber 9. Madri Nieuwoudt 10. Maree Julius Emily White
Graad 12	
1. Pieter Slabber 2. Mieke van der Merwe 3. Kristen van der Westhuizen 4. Zioné Botha 5. Tiaan Ebing 6. Christiaan de Waal 7. Thyrique Carolus 8. Yolanda Chikowore 9. Brendon Coetzee 10. Nico Swanepoel Namgamso Lekhatlanya	

They reap the benefits of their hard work – well done! However, we are also proud of each and every one of our learners who did their best!

We also remind our parens about the HSH Pass. Learners who meet the requirements of this pass will get a green stamp on their report cards. This is an effort to create an environment of academic excellence at Hopefield High School – an additional pass criteria implemented in Grades 4-12. **These pass requirements do not replace the minimum promotion requirements. It is an effort to motivate learners not just to aim for a pass, but to get them to work for better marks**.

The minimum requirements for a HSH Pass are as follow:
Grade 4 – 7
An average of 65% in all subjects and no subject below 50%

Grade 8 – 12
An average of 55% in all subjects and no subject below 40%.

5. **Leerderprestasies**

HSH se sportspanne se uitslae tydens die Bullefees is soos volg:

Porterville, Bullefees, Vrydag 13 Maart 2020

	Rugby	
o/9	Piketberg	40-0 wen
	Porterville	0-35 verloor
	Dirkie Uys	10-10 gelykop
o/13	Groote Schuur	7-10 verloor
	Noord-Eind	7-52 verloor

	Netbal	
o/9	Piketberg	3-4 verloor
	Dirkie Uys	2-4 verloor
o/10	Dirkie Uys	4-8 verloor
	Piketberg	9-2 wen
o/11	Piketberg	6-4 wen
	Hendrick Louw	7-5 wen
	Vredenburg	3-2 wen
o/12	Piketberg	7-4 wen
	Noord-Eind	4-12 verloor
	Wesbank	3-10 verloor
o/13	Hugo Rust	25-10 verloor
	Wesbank	32-1 verloor
	Vredenburg	6-6 gelykop

Bullefees, Saterdag, 14 Maart 2020

	Rugby	
o/15B	Oudtshoorn	5-10 verloor
o/15A	Oudtshoorn	12-10 wen
o/16A	Oudtshoorn	62-0 wen
o/19B	Paulus Joubert	36-3 wen
o/19A	Overberg	27-12 wen
	Netbal	
o/14A	Oudtshoorn	16-11 wen
	Namakwaland	15-13 wen
	Robertson	25-4 wen
o/16A	Overberg	5-15 verloor
	Montana	14-8 wen
	Robertson	18-6 wen
o/19A	Curro Langebaan	32-22 wen
	Namakwaland	32-17 wen
	Montana	31-19 wen

Vredenburg Sportdag, Saterdag, 14 Maart 2020

	Rugby	
o/15C	Vredenburg	10-10 gelykop
o/19C	Vredenburg	15-10 wen

	Hokkie teen H/S Montagu	
o/19A	Seuns Montagu	1-2 verloor
o/19A	Dogters Montagu	0-1 verloor
o/16A	Dogters Montagu	0-0 gelykop

Ons atlete het soos volg presteer tydens die Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe:

Anja Prins	Eerste	Do/19	Hamergooi
Denmar Jacobs	Eerste	So/17	110m Hekkies
Inge Buxton	Tweede	Do/17	5km Stap
Sisero Mentoor	Derde	So/19	10km Stap
Henko Nieuwoudt	Derde	So/19	Spiesgooi
Bejanke Bezuidenhout	Vierde	Do/15	Verspring
Jayden Engelbrecht	Sewende	So/15	Hoogspring

Baie geluk aan hulle en voorspoed aan Anja en Denmar vir die ASA kampioenskappe!

Ons is ook baie trots op Thinus Moolman wat ‘n manjifieke 96% behaal het tydens die aflê van ‘n Graad 1 Unisa Musiekteorie eksamen. Hy is ook op Unisa se ererol vir presteerders opgeneem.

Baie geluk aan Rahul Hartzenberg en Kian Fourie wat in die Boland RPC krieketspanne vir o/15 en o/16 groepe opgeneem is.

6. Projekte voltooi

1. Plaveisel langs saal
2. Plaveisel by Grondslagfase
3. Verf van klaskamers
4. Installering van 2 lugversorgers in klaskamers
5. Verf van swembadgeboue.

7. SPH Kundalila Quadbike / 4x4 Rally

The annual SPH Kundalila Rally is scheduled to take place on Saturday, 6 June. This event was hugely successful in the past and we believe that this year will be no exception. The rally takes place on farms around Hopefield and quads, motorcycles and 4x4s are welcome to enter. We would like to extend an invitation to all parents with reliable 4x4s to assist us with the marking of the route. For more details with regards to entries or assistance, contact Anneke Basson at the school, or Ryan Steinmann at 083 383 5807.

8. Inskrywings 2021

Inskrywings vir die 2021 skooljaar het op 17 Maart gesluit en die feit dat ons meer as 605 aansoeke ontvang het, is weereens ‘n groot mosie van vertroue in die goeie naam van HSH. Op hierdie stadium is dit een van die grootste uitdagings wat die skoolbestuur en die Beheerliggaam in die oë moet kyk. Die negatiewe kant is dat baie ouers en leerders teleurgestel word, want daar is eenvoudig nie plek vir alle aansoekers nie. **Ons wil dus ouers dringend versoek om ons onmiddellik in te**

lig as u kind/kinders die skool gaan verlaat. Dit sal ons beplanning vir 2021 aansienlik vergemaklik.

9. **Admissions 2021**

Schools are required to adhere to the following WCED admission timeframers which will be applicable to all ordinary public schools:

MONTH	DATES	ACTIVITY
FEBRUARY	17 February	School admissions open
MARCH	17 March	School admissions close
MAY	15 May	Parents are informed about outcome of application
JUNE	5 June	**Parents confirm placement at school**

Indien ouers enige uitdagings tydens die aansoekproses ervaar, kontak asseblief die skoolsekretaresse, mev. Annemarie Lourens. Die skakel na die aanlynaansoeke is http://admissions/westerncape.go.za.

10. **Afwesigheid**

U word versoek om leerder-afwesigheid onmiddellik op dieselfde dag met die skool te kommunikeer. Ouers word ook herinner dat die skool, soos ander WKOD-skole, 'n stelsel van deurlopende assessering volg en dat leerders die skool van 'n mediese sertifikaat moet voorsien indien hy/sy 'n formele toets/taak sou misloop.

11. **Finansies**

HSH is bevoorreg dat skoolfinansies op hierdie stadium in 'n gesonde toestand is, danksy goeie finansiële bestuur en ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ons wil dus 'n beroep op ouers doen om so voort te gaan en skoolgelde getrou te betaal**. Ons wil ook 'n dringende versoek rig aan ouers wat nie hul skoolgelde betaal nie – doen die regte ding en betaal u agterstallige skoolgelde.** Dit is immers in die beste belang van u kind, want sonder u gereelde en stiptelike betalings kan HSH nie 'n kwaliteit diens lewer nie. Hierdie versoek sluit ook koshuis- en busgelde in.

12. **Resolusie 1 – 100% HSH**

Tydens die Begrotingsvergadering is die volgende resolusie eenparig deur die ouers teenwoordig aanvaar: 'n minimum maandelikse betaling van R250 skoolgeld deur alle HSH-ouers word aanvaar. Gesien in die lig dat daar in die 2019 boekjaar R2 126 283 afgeskryf is a.g.v. kwytskeldings asook die kwaliteit onderrig wat alle leerders by HSH ontvang, word 'n beroep op ouers wat vrystelling ontvang, gedoen om hierdie minimum betaling van R250 per maand te doen. Hierdie resolusie is nie afdwingbaar nie, maar ons doen 'n beroep op ouers wat vrystelling ontvang om ook hulle 100% vir HSH te gee en sodoende 'n bydrae te lewer tot die skep van 'n uitnemende skool.

13. **School Uniform**

Grade 8 parents are informed of the arrangement that all Grade 8 boys must wear short grey pants during Term 1 and 4.

Na konsultasie met leerders, ouerlede van die Beheerliggaam en personeel is volgende verandering t.o.v. skooldrag aangebring. **Vanaf 2020 kan Gr. 6 en 7 leerders inskakel by die hoërskool se winterdrag.**

Seuns: Baadjie, das en wit hemp met boordjie
Dogters: Baadjie, skoolrok, swart opaque kouse.

Vanaf 2021 is bg. winterdrag verpligtend vir alle Gr. 6- en 7-leerders en vorm skoolsweetpakke nie meer deel van hulle amptelike skooldrag nie.

14. School uniform

Winter school uniform will be **compulsory** from Monday, 4 May. Please see to it that pupils adhere to school rules. Winter uniform are as follow:

Gr. 8 – 12 (Girls)	School dress with black opaque stockings with school blazer with school badge.
Gr. 8 – 12 (Boys)	White school shirt with tie. School blazer with school. Grey school trousers.
Gr. R – 7 (Boys)	Grey school trousers White school shirt / School track suit top / navy pull over OR School track suit with white school shirt and black school shoes.
Gr. R – 7 (Girls)	White school shirt / School track suit with black school Shoes and white socks.

15. Verandering aan Gedragskode / Change to Code of Conduct

Tydens die laaste Beheerliggaamvergadering van 2019 het die Beheerliggaam die volgende verandering aan die Gedragskode goedgekeur:

NB! Wanneer ‘n leerder ‘n tweede (of volgende) detensiebrief ontvang, verander die sanksie na **4 detensies**. Die Beheerliggaam behou die reg voor om chroniese oortreders dissiplinêr te verhoor. **Met die ontvangs van ‘n tweede (of volgende) detensiebrief, verloor die leerder die voorreg om aan die eerste skoolaktiwiteit wat dan sal volg, deel te neem. Skoolaktiwiteite sluit in kultuur, sport, uitstappies, ens.**

When a learner receives a second (or follow-up) letter for detention, the sanction changes to **4 detentions**. The SGB is reserving the right to conduct dissiplinary hearings with repeat offenders. **With reception of a second (or follow-up) letter for detention, a learner forfeits the privilege to take part in the first school activity that follows. School activities include culture, sport, excursions etc.**

16. Vakkeuse

Ouers word ingelig dat geen vakveranderinge meer in Gr. 12 mag plaasvind nie. Vakveranderinge vir Gr. 12 moes voor 4 Desember 2019 plaasvind. Die laaste dag vir Gr. 11 vakveranderinge (maksimum 2 vakke) is 19 Maart 2020. Die laaste dag vir Gr. 10 vakveranderinge (maksimum van 2 vakke) is 11 Junie 2020. In alle gevalle moet ouers skriftelik toestemming gee. (Sien vakveranderingsvorm op webwerf.)

Ons wil ouers en leerders maan om versigtig om te gaan met vakveranderings. Maak seker dat leerders nog steeds aan die toelatingsvereistes voldoen vir die kursusse waarin hulle belang sou stel.

17. Parents' contact details

We urge parents to make sure that the school has your correct contact details. It is vitally important for the school to have parents' correct contact details, especially in case of emergencies. We also call on all our parents to download the D6 Communicator on their cell phones. We at HSH are firm believers than an informed parent is a happy parent. Help us to communicate with you effectively!

18. Mnr. en Mej. HSH 2020

Ons baie gewilde Mnr. en Mej. HSH vind op Woensdag, 22 April om 19:00 in die skoolsaal plaas. Kaartjies kos R70 en is verkrygbaar by leerlingsraadslede, juffrou Rosa of tannie Suria in die biblioteek.

Ons finaliste vir 2020 lyk soos volg:

Dames	Kêrels
1. Ella van Vuuren	1. CJ van Vuuren
2. Ansi du Toit	2. Basson Burger
3. Madri du Toit	3. Ian van der Linde
4. Caylin Pfister	4. Jian Slabber
5. Evangeline Mornet	5. Giovanni Brandt
6. Miché Engelbrecht	6. Denzel Cornelius
7. Lowelle Cupido	7. Evert Smit
8. Stacey-Lee Feris	8. Owen van Zyl

Ek wil ouers aanmoedig om so gou as moontlik kaartjies te koop. Ervaring het geleer dat hierdie kaartjies verkoop soos snoekkuite op 'n Gansbaai basaar en as u nie gou spring nie, gaan u baie teleurgesteld wees.

19. Eisteddfod

The second term is traditionally the start of the Eisteddfod process. Our learners performed excellently last year, thanks to the hard work of Mrs Elna van der Westhuizen and her team. It is our aim to improve on last year's results, so let us encourage our learners to participate and also do their bit with regard to cultural activites. Entry forms are available on the D6 Communicator. Learners hand forms and entry fee in on the first day of Term 2.

20. Lang dae

Ouers word herinner dat lang dae in die winterkwartale om 15:45 sal eindig. Busse sal dus vir die volgende twee kwartale 15 minute later by busstoppe opdaag.

21. Protokol

HSH streef daarna om op alle vlakke uitnemend te wees, maar ons besef dat ons soms ook foute maak. Wat maak u as ouer as u ongelukkig is? Eerstens, maak 'n afspraak met die betrokke onderwyser op 'n tyd en plek wat u albei pas en bespreek die saak op 'n beskaafde manier. U kan ook alternatiewelik 'n afspraak met die

opvoeder maak tydens een van die vier oueraande wat op ‘n kwartaallikse basis plaasvind. As u probleem op hierdie vlak nie na u mening behoorlik opgelos is nie, kontak die skoolhoof vir ‘n afspraak. As u na afloop van hierdie gesprekke nog nie tevrede is nie, is u welkom om die Kringkantoor in Vredenburg te skakel.

It is very important for all parties not to take school issues to social media. In all aspects of life it is completely unfair to hear about organisational issues from social media. Stick to protocol, use the existing channels and let us look each other in the eyes and address the issues at hand for the benefit of HSH, our educators and learners.

22. **School Attendance**

Is it very important for parents to know that the school must be informed about learner absence. If a Formal Assessment Task/Test was missed because of learner absence, a doctor’s certificate or clinic letter must be submitted.

Parents must also note that learners will not be allowed to participate in school sport activities on weekends if they are absent on a Friday.

Ouers moet kennis neem dat leerders nie toegelaat sal word om tydens naweke aan skoolsportaktiwiteite deel te neem as hulle op ‘n Vrydag afwesig is nie.

23. **Oueraand**

Ouers word herinner aan die Oueraand op Woensdag, 15 April vanaf 18:00 by die skool. Ouers kan afsprake maak by die onderskeie vakonderwysers. **Kontak die sekretaresse vir ‘n afspraak en wees asseblief seker met watter vakonderwysers u ‘n afspraak wil maak op hierdie aand.**

24. **Mondskerms**

Ons wil ouers van hokkie- en rugbyspelers ernstig aanmoedig om vir die seuns en dogters goeie, hoë kwaliteit mondskerms aan te koop. Hierdie stukkie toerusting kan die risiko van mond- en kopbeserings voorkom.

25. **Drug tests**

The S.A. Schools Act gives school management the right to do drug tests. We have done a substantial number of drug tests in the past and we will continue to do so in the future. As school management and on behalf of the Governing Body of HSH, we want to assure our parents that we will continue to act in the best interest of all our learners. We also urge our parents to be aware of your child’s activities on social media. We as parents need to know that our children are being confronted with a completely different world than we were when growing up and we must inform our children about the pitfalls of wrong choices and friends on social media.

26. **“Commitment”**

Die Engelse word “commitment” het net soveel meer oemf as die ekwavilent in Afrikaans, dus verskoon die gebruik daarvan in hiérdie skrywe. HSH het die afgelope jare gewys dat hy baie gemaklik saam met groot honde kan blaf en dit ook volhoubaar kan doen. Dit is almal skole wat getallegewys baie groter as HSH is. Hoe doen ons dit? Absolute “commitment” deur ons leerders, hulle ouers en opvoeders. Dit is die resep vir sukses by HSH en ons moet dit nóóit vergeet nie. Ek wil hierdie resep vir ons skool se sukses veral aan ons ouers in die Grondslagfase voorhou. **As ons**

“commit” vir sport, kultuur en ander skoolaktiwiteite, moet ons daarby hou. Ons kan nie besluit wanneer hierdie “commitment” vir ons gaan werk of nie gaan werk nie. En uiteindelik pluk ons almal die vrug van “commitment” soos die afgelope paar weke baie duidelik vir almal is.

Hoe lyk ‘n Hopefielder

Ek moet sê dat die gevoel van vakansie my nog nie oorval het nie. Dis so half of daar so ‘n gevoel van wag en kyk en bekommerd wees in my gemoed rondsweef. Ek is oortuig dat ons hierdie Corona-virus in die bed gaan sit en vol energie die nuwe kwartaal op 14 April by die “handles” gaan vat. Dit is ‘n feit dat almal, leerders en personeel, hierdie vakansie verdien. Geniet die ruskans, bly sover moontlik by die huis en kyk na julle self!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

16 Maart 2020

Geagte Ouers

CORONA VIRUS / COVID 19

Skoolbestuur het deeglik kennis geneem van die toename in die verspreiding van die Covid 19 virus en die maatreëls deur die president aangekondig. Die volgende inligting is belangrik vir HSH ouers:

Die skool sluit Woensdag, 18 Maart 2020 om 14:00 en heropen weer op Dinsdag, 14 April 2020 om 08:00. Weens die feit dat ons koshuise en busse ‘n verhoogde risiko ten opsigte van moontlike oordraging van siektes inhou, is besluit dat die skoolkoshuise vanmiddag sluit en dat alle busroetes vanaf môreoggend gestaak word. Hierdie drastiese besluit is geneem in die beste belang van ons leerders. Ons versoek HSH ouers om skoolbywoning die volgende twee dae in die beste belang van ons leerders te bestuur. Ons wil ouers versoek om nie leerders wat olik voel, skool toe te stuur nie.

Ons wil ouers ook versoek om leerders gedurende die vakansie sover as moontlik by die huis te hou. Die doel van verlengde skoolsluiting is om die verspreiding van die Corona virus te voorkom.

Op Vrydag, 15 Maart 2020, het ons maatreëls in plek gestel om Whatsapp groepe te aktiveer indien nodig. Hierdie Whatsapp groepe sal met ouers kommunikeer in Gr R – 6 en met leerders in Gr 7 – 12. Hierdie reëling sal in plek kom na 14 April 2020, indien nodig.

It is important that parents should know that the Governing Body and School Management realise the critical role that all schools have in the management of Covid 19. We have done our best to keep learners and staff informed about preventative measures and personal hygiene.

We have tried our level best today to equip our learners for a longer school holiday and a shorter school term. All text and exercise books were handed out. Where possible extra work and tasks for Term 2 were handed out, but parents will appreciate the fact that the president’s announcement did not give a lot of notice time.

School management are in the process of discussing and planning, with the resources we have and taking into account our learners mobile ability on social media platforms, etc to continue with teaching if and when schools are closed.

We sincerely hope that we will not be confronted with a lengthy school closure. It is common knowledge that school closure of any kind will have a negative impact on our learners academic programme. Parents will also agree that distance teaching can never be as effective as a teacher in the classroom. At this stage we are not overly concerned as the president has announced that the June holidays will be shortened with one week. To gain on lost educational time, we will certainly have to consider writing exams on Saturdays and also to consider double shifts as a way to accommodate the Written Work assessments missed at the end of this term.

Ek kan HSH ouers verseker dat die personeel alles in hul vermoë gaan doen om te verseker dat ons leerders nie akademies benadeel gaan word nie.

Op hierdie stadium is alle sportbyeenkomste en sporttoere wat vir die komende vakansie geskeduleer is, gekanselleer. Kontak asb die Finansiële kantoor vir terugbetalings.

Report cards will be handed out on Thursday between 09:00 and 11:00 and can be collected at the school by the parent or the learner and no third party.

Die volgende telefoonnommers mag van waarde wees: National Institute for Communicable Diseases Hotline: 0800 29 999 (http://www.nicd.ac.za)

Corona Virus Whatsapp number: 060 012 3456. Register by sending the word “Hi” to the number.

Kom ons glo vas dat al hierdie dinge ook by ons verby sal gaan en dat ons Skepper Sy hand oor ons almal sal hou.

Voorspoed!

Wehan Fourie

(Skoolhoof)